Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 3 uur

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Weens die aard van hierdie praktiese eksamen, is dit belangrik om daarop te let dat, selfs al voltooi jy die eksamen vroeg, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe take wat met die eksamen gepaard gaan afgehandel is NIE. Gedurende die eksamen normale reëls oor die verlating van die eksamenlokaal geld.

2. As jy op die netwerk werk, of die datalêers is vooraf op jou stelsel gelaai, moet jy die instruksies volg wat deur die opsiener/opvoeder verskaf is.

3. Aan die einde van die eksamen moet jy seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is soos deur die toesighouer/opvoeder aan jou verduidelik is.

4. Maak absoluut seker dat alle lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor nie en MOENIE duplikaat antwoordlêers/lêergidse inhandig nie. MOENIE enige oorspronklike lêers uitvee waaraan jy nie gewerk het nie

5. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel voorsien is, MOET NA DIE DRIE-UUR EKSAMENSESSIE VOLTOOI WORD. Gee dit aan die toesighouer aan die einde van die eksamen.

6. ŉ Afskrif van die meesterlêers (‘Master files’) sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met ŉ lêer is, kan jy ŉ ander kopie van die toesighouer aanvra.

7. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae. Beantwoord AL die vrae.

8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat deur die vraag vereis word nie.

9. Maak seker dat jy elke dokument stoor met die lêernaam wat in die vraestel gegee word. Stoor jou werk gereeld as ŉ voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

10. Jy mag GEEN hulpbronmateriaal gebruik NIE.

11. Akkuraatheid sal in berekening gebring word, bv. indien ŉ vraag vereis dat die antwoord in sel F3 in ŉ sigblad moet wees, en jy voer die antwoord in sel G4 in, sal dit NIE nagesien word NIE.

12. Maak seker dat die streekinstellings (‘regional settings’) op ‘South Africa’ ingestel is en dat datum- en tydinstellings, nommerinstellings en geldeenheidinstellings (‘currency settings’) korrek ingestel is.

13. In alle vrae wat woordverwerking behels, moet jy die taal op English (‘South Africa’) stel. Die papiergrootte word aanvaar as A4 Portret (‘Portrait’), tensy anders aangedui. Gebruik sentimeters as meeteenheid.



Hosted by www.ecexams.co.za.

14. Maak seker dat die "Developer'-oortjie en Liniaal ('Ruler') geaktiveer is.

15. Maak seker dat die desimale simbool ('decimal symbol') as 'n punt ('.') ingestel is en dat die lys-skeikarakter ('List separator') as 'n komma (',') ingestel is.

16. Formules en/of funksies moet vir ALLE berekeninge in sigbladvrae gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

    **LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet so ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs as veranderinge aan die bestaande data gemaak word.

17. Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.

18. Die eksamendata-lêergids wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

| | |
|---|---|
| Q6Pic | File folder |
| Q1_Overview | Microsoft Word Document |
| Q2_Application | Microsoft Word Document |
| Q2_LogoDota | JFIF File |
| Q3_Chart | JPG File |
| Q3_IDplayer | Microsoft Excel Worksheet |
| Q4_Players | Microsoft Excel Worksheet |
| Q5_6Close | JFIF File |
| Q5_GameStats | Microsoft Access Database |
| Q6_1ESport | Chrome HTML Document |
| Q6_2Ranking | Chrome HTML Document |
| Q6back6 | JPG File |
| Q6Games | JPG File |
| Q7_Cardtype | Microsoft Word Document |
| Q7_Data | Microsoft Excel Worksheet |
| Q7_Mergeletter | Microsoft Word Document |
| Team OG | MP4 File |

19. Gebruik die wagwoord **Game123** om die lêers te onttrek.



Hosted by www.ecexams.co.za.

**SCENARIO**

E-Sport word al hoe meer gewild. Jy is deur die spankaptein gevra om 'n dokument te wysig wat aan leerders gestuur sal word om belangstelling in 'n spesifieke rekenaarspeletjie te lok.

## VRAAG 1: WOORDVERWERKING

Maak die **Q1_Overview**-woordverwerkingsdokument oop en doen die volgende.

1.1 Vind die teks "**Let the games begin**" op die dekblad en doen die volgende:

- Verander die sin na alle-bokas ('All caps').
- Pas enige buite afset regs onder skaduwee-effek ('outer offset bottom right shadow effect') op die sin toe. (2)

1.2 Vind die opskrif "**Table of content**" op die tweede bladsy en voeg 'n inhoudsopgawe ('table of contents') in soos in die skermkopie hieronder:

Table of content

DOTA 2 ____ 3
MULTIPLAYER ____ 5
DEVELOPMENT ____ 5
ESPORT ____ 5
GAME MODES ____ 6
GAMEPLAY ____ 7
TEAMS ____ 7
CREEPS ____ 8
SHOP ____ 8
GOLD ____ 9
DEVELOPMENT ____ 9
HEROS ____ 11
ROAD TO VICTORY ____ 11
REQUIREMENTS TO TAKE PART IN AN EVENT. ____ 12
BIBLIOGRAPHY ____ 13

**LET WEL:**
- Gebruik die formele (formal) inhoudsopgawe-styl met 'n soliede gidslyn.
- Die styl wat gebruik is om die inhoudsopgawe te skep, is **Esport1**.
- Die bladsynommering.
- Die Multiplayer-opskrif in die inhoudsopgawe. (5)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3 Vind die tabel op bladsy 3 onder die opskrif **'Dota 2'** en wysig dit soos volg:

1.3.1 Voeg 'n nuwe ry boaan die tabel in en skuif die opskrif "**Top 10 Dota 2-Teams in the world**" na die nuwe ry soos in die skermkopie hieronder:

| Top 10 Dota 2 Teams in the world. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **No** | Logo | Team | Net worth | Rating | Last Played |
| **1** | | Team Spirit | 602032 | 1493 | 1months ago |

(3)

1.3.2 Voeg 'n formule en raam om die laaste ry van die tabel in soos in die voorbeeld hieronder:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Average Net Worth** | 431785.7 | | |

(2)

1.4 Vind die teks op bladsy 5 onder die opskrif '**Multiplayer**' wat begin met '**Dota 2**' en eindig met '**base**' (in geel uitgelig).

Verander die paragraaf om in twee kolomme te wees met 'n lyn tussenin.

Gebruik 'n breuk om te verseker dat die woord "Each" boaan die tweede kolom verskyn soos in die voorbeeld hieronder.

| | |
|---|---|
| Dota 2 is a 2013 multiplayer online battle arena (MOBA) video game by Valve. The game is a sequel to Defense of the Ancients (DotA), a community-created mod for Blizzard Entertainment's Warcraft III: Reign of Chaos. Dota 2 is played in matches between two teams of five players, with each team occupying and defending their own separate base on the map. | Each of the ten players independently controls a powerful character known as a "hero" that all have unique abilities and differing styles of play. During a match player collect experience points and items for their heroes to defeat the opposing team's heroes in player versus player combat. A team wins by being the first to destroy the other team's "Ancient", a large structure located within their base. |

(2)

1.5 Spoor die woord "**Steam**" op wat in blou uitgelig is onder die opskrif "**Development**" en doen die volgende:

- Skakel die voetnoot ('footnote') om na 'n eindnota ('endnote').
- Verander die getalle-formaat na A, B, C ... (2)

1.6 Vervang die teks (**Question1.6/Vraag1.6**) onder die opskrif "**The International**" met 'n bronaanhaling ('citation') na die bron Gwabeni, Z. (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.7 Spoor die prent onder die opskrif "**Carry**" op en stel die prent terug na sy oorspronklike voorkoms.

**LET WEL:** MOENIE die grootte terugstel nie. (1)

1.8 Maak seker dat wanneer die indeks opgedateer word die woord "creeps" nie meer uitgelig sal wees nie. (1)

1.9 Soek die woord "**WarcraftIII**" wat in geel uitgelig is onder die opskrif "**Development**" en voeg ŉ sub-indeksinskrywing ('index subentry') **"Blizzard"** by die woord.

Dateer die indeks aan die einde van die dokument op. (2)

1.10 Gebruik ŉ woordkenmerk om alle voorkomste van die presiese woord "**IceFrog**" te vervang met "**Gabe**" in vetdruk, en onderstreep dit in rooi. (4)

1.11 Voeg ŉ byskrif ('caption') "**Hero 2: Crystal Maiden**" tot die prent onder die opskrif "**Heroes**" by.

Maak seker dat hierdie byskrif in die figure-tabel op bladsy 2 weerspieël word. (3)

1.12 Vind die slim-kuns ('SmartArt') onder die opskrif "**Road to Victory**".

1.12.1 Wysig dit om soos volg te vertoon:




(1)

1.12.2 Verander die kleur van die slim-kuns ('SmartArt') na enige kleurvolle ('colourful') opsie. (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.13 Vind die frase wat met '**player eligibility'** begin en met **'misconduct'** eindig, in blou uitgelig is, en voeg 'n veelvlak-lys ('multilevel list') in op die 2de laaste bladsy soos gedeeltelik hieronder vertoon:

**Requirements to take part in an event.**

.......................................................................................................................

A) **Player Eligibility:**
- Participants must meet age and regional eligibility requirements.
- All players must be registered and provide accurate personal information.

B) **Team Composition:**
- Clearly define the maximum and minimum number of players per team.
- Specify any restrictions on team member substitutions during the competition.

C) **Equipment and Software:**
- Clearly state the acceptable gaming peripherals and equipment.
- Ensure that all players are using the same version of the game client or software.
- Verify that all third-party software is allowed or restricted.

D) **Match Format:**
- Outline the format of each match, including the number of rounds, maps, or game modes.
- Specify tiebreaker rules and conditions.

**LET WEL:**

- Die eerste vlak moet 'n hoofletter met 'n hakie wees, byvoorbeeld **A**)
- Wingdings-karakterkode 176 is vir die 2$^{de}$ vlak gebruik.
- Die 2$^{de}$ vlak begin op 1 cm en die teks is 1 cm weg van die kolpunt ('bullet'). (4)

1.14 Voeg die volgende bron by:

| | |
|---|---|
| Type of Source | Film |
| Language | Default |
| Bibliography Fields for APA | |
| Title | T8 |
| Director | Miles, John; |
| Year | 2009 |

(2)

**Stoor** en **maak** die dokument **toe**. **[36]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Die skool sal 'n E-sport geleentheid aanbied en jy is gevra om 'n registrasievorm hiervoor aan te pas.

Maak die dokument **Q2_Application** oop en doen die volgende:

2.1 'n Leerder kan slegs deel van 5 spanne wees:

- Blue
- Green
- Red
- Orange
- Grey

Verander die aftrekvormveld ('drop down form field') langs die spannaam ('team name') om alle opsies in hierdie spesifieke **volgorde** in te sluit. (2)

2.2 Verander die teksformaat van die "**Game Title**"-veld sodat al die teks in hoofletters vertoon. (1)


2.3 Verander die "**Name**" teksvormveld om 'n maksimum van 20 karakters te aanvaar. (1)

2.4 Verander die merkblokkievormveld ('check box form field') **"Terms and Conditions"** om by verstek ('by default') gemerk te wees. (1)

2.5 Vind die handtekeningreël ('signature line') onderaan bladsy een, en wysig dit om hierdie instruksie aan die ondertekenaar ('Instruction to the signer') in te sluit: **Please ensure that this information is accurate**. (1)

2.6 Voeg 'n teks-watermerk **slegs op bladsy 1** in. Die teks van die watermerk moet '**Registration form**' lees. (3)

2.7 Voeg die tabelstoppunte op die laaste bladsy in soos in die voorbeeld hieronder:


7CM 24CM

Item List

| Item Name | Cost | Description |
|---|---|---|
| Power Treads | 1400 | +10Activate to switch between Strength, Agility, and Intelligence. |
| Blink Dagger | 2250 | Short-range teleportation ability. |
| Black King Bar | 3975 | Grants magic immunity for a duration. |
| Aghanim Sceptre | 4200 | Upgrades the ultimate ability of certain heroes. |
| Observer Ward | 75 | Provides vision in an area. |
| Sentry Ward | 100 | Reveals and detects invisible units in an area. |
| Dust of Appearance | 180 | Reveals and slows invisible units. |
| Boots of Travel | 2500 | Teleports to any allied non-hero unit on the map. |
| Desolator | 3500 | Reduces target armour on attacks. |
| Heart of Terrace | 5200 | Provides significant health regeneration. |

(4)

**Stoor** en **maak** die dokument **toe**. **[13]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: SIGBLAD

ʼn Lys van topspelers in die toernooi is in Excel aangeteken en jy is gevra om met die resultate verslag te help.

Maak die **Q3_IDplayer**-sigblad oop en doen die volgende:

Werk in die **players-**werkblad.

3.1 Gebruik die outovul-funksie (ʻautofillʼ) om die spelers outomaties van 1 tot 50 in **kolom A** te nommer. (1)

3.2 **Selle A1:P2** is reeds saamgevoeg (ʻmergedʼ). Brei die saamgevoegde sel uit om ry 3 in te sluit. (1)

3.3 Bepaal in **sel D4** die hoogste aantal wedstryde (**Kolom D**) deur ʼn individuele speler gespeel. (1)

3.4 Bereken in sel **G4** hoeveel spelers meer as 1 000 doodskote (ʻkillsʼ) (**Kolom H**) gekry het en 2 000 keer of minder dood is (ʻdiedʼ) (**Kolom I**). (5)

3.5 ʼn Speler sal goue status ontvang as ʼn speler aan die volgende vereistes voldoen:

- ʼn Speler se eerste wedstryd moet **voor** 2020/01/01 wees (**Kolom M**) en
- ʼn Speler moes **2 000 of meer** wedstryde gewen het (**Kolom E**) en
- ʼn Speler moet **minder as 1 500** keer verloor het (**Kolom F**).

Gebruik ʼn kombinasie van funksies in **sel O8** om die woord "Yes" te vertoon indien die speler aan hierdie vereistes voldoen. Die sel moet leeg gelaat word indien ʼn speler nie aan hierdie vereistes voldoen nie. (6)

3.6 ʼn Speler sal ʼn geskenk ontvang **gebaseer op die aantal wedstryde wat hy/sy gespeel het**. ʼn Poging is in **sel P8** aangewend om die geskenk van Ethan Thompson te bepaal.

**Verander** die funksie **en** die tabel om die korrekte antwoord te vertoon. (3)

3.7 Werk in die **Travel**-werkblad.

Sommige spelers sal vanaf ʼn spesifieke hotel vertraag word om na die lokaal te reis.

Die vertraagde status word in **kolom C** vertoon. Indien ʼn speler **vertraag word** moet die vertraagde tyd in **sel D2** by die aankomstyd gevoeg word. Indien die speler **nie vertraag** word nie, moet die oorspronklike aankomstyd vertoon word.


Gebruik ʼn kombinasie van funksies en formules in **sel E4** om te bepaal wat die nuwe aankomstyd sal wees. Maak seker dat wanneer dit af gekopieer word, die korrekte resultaat vertoon sal word. (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.8 Werk in die **graph**-werkblad.

Formateer die grafiek om soos die voorbeeld hieronder te lyk. 'n Prent van die finale grafiek is in die werkblad bygevoeg om jou te help.




**LET WEL:**

Gebruik die prentjie **Q3Chart** as die grafiek agtergrond en stel die **deursigtigheid** ('transparency') op 70%. (6)

**Stoor** en **maak** die sigblad **toe**. **[27]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 4: SIGBLAD

Die uitslae van die toernooi moet verwerk word en jy is gevra om daarmee te help.

Maak die **Q4_Players**-sigblad oop en doen die volgende:

Werk in die **Ranking**-werkblad.

4.1 Voeg die lêernaam as 'n **veld** in die middel van die bladsyboskrif ('header') in. (1)

4.2 Gebruik 'n sigbladkenmerk om die **naam en van** (**Kolom A**) met 'n blou agtergrondkleur te formateer, as 'n speler in die **top 5-rangorde** (**Kolom D**) is. (4)

4.3 Voeg 'n kombinasie van teksfunksies in **sel E4** in om 'n nuwe GamerTag vir Sophie Adams te skep.

Die 'GamerTag' bestaan uit:

- Die eerste letter van die van gevolg deur
- Die tweede karakter van hul ID-nommer gevolg deur
- Die woord Pro of Amateur in Kolom C (8)

4.4 Werk in die **Details**-werkblad.

**Beskerm** die werkblad sodat 'n persoon slegs in **sel B2:B4** data kan invoer.

**MOENIE** 'n wagwoord op die beskermde blad invoeg nie. (2)

4.5 Hernoem **Sheet1** na 'Game' toe. (1)

**Stoor** en **maak** die sigblad **toe**. **[16]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: DATABASIS

Jy word versoek om die databasis van ŉ groep spelers te wysig.

Maak die **Q5_GameStats**-databasis oop.

5.1 Maak die tabel **5_1Table**-tabel in die databladaansig ('datasheet view') oop en doen die volgende:

- Voeg ŉ versonke sel-effek ('sunken cell effect') tot die tabel toe
- Verander die alternatiewe ry kleur ('alternative row colour') na enige groen kleur (2)

5.2 Skakel nou die tabel na die ontwerpaansig ('design view') oor en wysig die tabel.

5.2.1 Kies ŉ toepaslike veld as ŉ **primêre sleutel**. (1)

5.2.2 Verander die **PlayerName** veldgrootte na **50**. (1)

5.2.3 Verseker dat die **GamesPlayed-**veld nie leeg gelaat kan word nie. (1)

5.2.4 Maak seker dat ŉ persoon slegs ŉ waarde tussen 30 en 500 (beide ingesluit) in die **Distance traveled-**veld kan invoeg. (3)

5.2.5 Verander die formaat van die **Skins-**veld na **waar/onwaar (true/false)**. (1)

**Stoor** en **maak** die **5_1Table-**tabel **toe**.

5.3 Maak die **Qry5_3**-navraag oop en verander dit om soos die skermkopie hieronder te lyk.

| Geographic location | AvgOfFrequency of logins |
|---|---|
| Canada | 98 |
| China | 118 |
| EU | 93 |
| Japan | 98 |
| South Africa | 95 |
| USA | 129 |

(3)

**Stoor** en **maak** die **Qry5_3**-navraag **toe**.

5.4 Maak die **Qry5_4**-navraag oop en voeg ŉ berekende veld genaamd AccountAge by wat die ouderdom van die rekening in maande sal bereken. (5)

**Stoor** en **maak** die **Qry5_4**-navraag **toe**.

5.5 Maak die **Qry5_5**-navraag oop.

Vertoon **slegs** die 'Username' van al die spelers wat meer as 30 000 aanhangers het en wat ŉ telling ('score') hoër as hul ervaring ('experience') het.

Sorteer die 'usernames' in dalende volgorde. (5)

**Stoor** en **maak** die **Qry5_5**-navraag **toe**.




Hosted by www.ecexams.co.za.

5.6 Maak die **Frm5_6**-vorm oop en verander dit soos volg:

- Verander die teksblokkie van die "Geograpic location"-veld na 'n kombinasielys ('combo box').
- Gebruik die **Q5_6** tabel as die rybron vir die kombinasielys.
- Voeg 'n knoppie in die vorm onderskrif ('form footer') in wat die vorm sal toemaak.
- Gebruik die **5_6Close** prentjie vir die knoppie. (5)

**Stoor** en **maak** die **Frm5_6**-vorm **toe**.

5.7 Maak die verslag **Rpt5_7** oop en wysig die verslag om soos die skermkopie hieronder te lyk.



Total followers per country

| Geographic location | Username | Followers |
|---|---|---|
| Canada | | |
| | QuantumQuasar78 | 26874 |
| | CelestialSniper45 | 67874 |
| | ShadowKnight89 | 10255 |
| Total number of followers per country | | 105003 |
| China | | |
| | NebulaNomad01 | 58457 |
| | BlazeFalcon01 | 68787 |
| | CosmicVortex45 | 28745 |
| Total number of followers per country | | 155989 |

**Neem kennis van die volgende:**

- Die opskrif wat bygevoeg is.
- Die groepering wat toegepas is, en die verskuiwing van velde.
- Die berekende veld wat bygevoeg is.
- Die skakering wat toegepas is. (7)

**Stoor** en **maak** die **Rpt5_7** verslag **toe**.

**Stoor** en **maak** die **Q5_GameStats** databasis **toe**. **[34]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)

**LET WEL:**

- **Jy mag NIE ŉ woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vrae te beantwoord NIE.**
- ŉ HTML-merkersblad is vir verwysing aangeheg.

EEN punt sal vir die sluit-merkers ('closing tags') en driehoekige hakies ('triangular brackets') toegeken word. (1)

Jou finale webblad moet soos die voorbeeld hieronder lyk. Die agtergrondprent mag anders vertoon op jou skerm as die skermkopie afhangende van jou rekenaar se skermresolusie-verstellings.




6.1 Maak die onvoltooide **Q6_1Esport-**lêer in ŉ webblaaier asook ŉ teks/HTML-redigeerder oop (NIE ŉ woordverwerkerprogram soos Word NIE).

6.1.1 Maak seker dat die opskrif "**Esport**" in die oortjie ('tab') van die webblad vertoon. (1)

6.1.2 Verander die fontkleur van die opskrif "Dota 2 TI10" na rooi en vergroot die fontgrootte na 10. (2)

6.1.3 ŉ Poging is aangewend om die lettertipe van die lys van gebeure van 2023 na 'Arial' te verander. Stel die fout reg. (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

6.1.4 Verander die kolpuntlys na ŉ genommerde lys.

Gebruik die A, B, C-formaat soos in die skermkopie en maak seker dat daar geen leë reëls in die lys is nie. (3)

A. The International (Dota 2)
B. League of Legends World
C. Counter-Strike: Global Offensive
D. Fortnite World Cup
E. Overwatch League Grand Finals
F. Call of Duty League Champions
G. FIFA eWorld Cup
H. StarCraft II World Championship
I. Rainbow Six Siege Pro League
J. Hearthstone Masters Tour
K. Rocket League Championship


6.1.5 Verseker dat die naam "No Tail" soos die res van die name in die kolom vertoon. (2)

**Stoor** en **maak** die **Q6_1Esport**-lêer **toe**.



Hosted by www.ecexams.co.za.

6.2 Maak die **Q6_2Ranking**-webblad oop en verander dit soos volg.



**Dota 2 Esports**

| Stats | | | |
|---|---|---|---|
| Team | Net Worth | Rating | Logo |
| Team Spirit | 602032 | 1493 | |
| Gaimin Gladiators | 559987 | 1075 | |
| Bet Boom | 531587 | 479 | |
| Team Liquid | 488878 | 475 | |
| LGD Gaming | 455145 | 280 | |
| Aurora Gaming | 432558 | 244 | |

6.2.1 Maak seker dat al die prente in die tabel korrek vertoon. (1)

6.2.2 Formateer die opskrif om soos volg te vertoon:



| Stats | | | |
|---|---|---|---|
| Team | Net Worth | Rating | Logo |

(2)

**Stoor** en **maak** die **Q6_2Ranking**-lêer **toe.** **[13]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 7: ALGEMEEN

Gebruik die volgende lêers vir hierdie vraag: **Q7_Cardtype, Q7_Data, Q7_MergeLetter**.

7.1 Maak die dokument **Q7_MergeLetter** oop.

7.1.1 Aanvaar alle veranderinge wat aan die dokument gemaak is. (1)

7.1.2 Al die spelers met ŉ visa-kaart sal ŉ brief van die bank kry om hulle oor ŉ lojaliteitsprogram in te lig. Gebruik die **Q7_Cardtype** en **Q7_MergeLetter** en berei ŉ possamevoeging ('mail merge') voor vir al die visa tipe kaarthouers.

- Gebruik die **Q7_Cardtype** as bron.
- Vervang **<<First Name>>** en **<<Surname>>** met die velde 'First_Name' en 'Surname'.
- **Stoor** die Q7_MergeLetter voor die voltooiing van die possaamvoeging.
- Voltooi die possamevoeging en stoor die nuwe dokument as **Q7Merged**. (4)

**Maak** die **Q7_MergeLetter**- en **Q7Merged**-dokumente **toe**.

7.2 Maak die **Q7_Data** Excel-lêer oop en werk in die **IP**-werkblad.

7.2.1 Gebruik data-validering ('data validation') om ŉ lys te skep wat verseker dat ŉ persoon slegs 'Male' of 'Female' in **Kolom E** kan kies. (2)

7.2.2 Werk in die **Dup**-werkblad en verwyder al die duplikaat items. (1)

7.2.3 Werk in die **Company**-werkblad en gebruik ŉ sigbladkenmerk om ŉ opsomming te skep, soos die skermkopie hieronder:

| First Name | Surname | Company Name | gender | Slogan | Email | Type of Company |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ashely | Kubecka | Edgepulse | Yuan Renminbi | monetize magnetic e-commerce | akubecka6a@ocn.ne.jp | Automotive |
| Cherish | Harral | Ailane | Pound | leverage scalable niches | charral7t@wordpress.com | Automotive |
| Chrisse | Keir | Gigaclub | Yuan Renminbi | aggregate e-business niches | ckeir1b@mapy.cz | Automotive |
| Enoch | Atherley | Topiclounge | Dollar | maximize virtual mindshare | eatherley69@moonfruit.com | Automotive |
| Katleen | Decker | Yabox | Peso | deploy mission-critical channels | kdecker89@google.de | Automotive |
| Maximilian | McNalley | Jaxspan | Ruble | deliver ubiquitous ROI | mmcnalley1p@com.com | Automotive |
| Marlo | Senn | Leexo | Euro | incentivize extensible e-commerce | msennl@ebay.com | Automotive |
| Marylin | Symcock | Quire | Real | disintermediate innovative users | msymcock73@shutterfly.com | Automotive |
| Rosalie | Galway | Tagcat | Koruna | disintermediate efficient e-commerce | rgalway8o@printfriendly.com | Automotive |
| | | | | | **Automotive Count** | 9 |
| Ashlen | Arias | Izio | Yuan Renminbi | transition 24/7 action-items | aariaskx@blog.com | Baby |
| Alis | Dolle | Meedoo | Ruble | mesh leading-edge web services | adollemf@surveymonkey.com | Baby |
| Alta | Goney | Skimia | Yuan Renminbi | reintermediate bricks-and-clicks architectures | agoneyle@ucsd.edu | Baby |
| Arne | Michallat | Kaymbo | Dirham | drive bricks-and-clicks bandwidth | amichallatla@java.com | Baby |
| Clarette | Ary | Feedspan | Real | orchestrate holistic web-readiness | caryoj@wikispaces.com | Baby |
| Christophe | Eggers | Fiveclub | Dollar | visualize collaborative architectures | ceggersps@webs.com | Baby |

**LET WEL**: Gebruik die **CompanyExample**-werkblad as ŉ gids. (3)

**Stoor** en **maak** die **Q7_Data**-sigblad **toe**. **[11]**

**TOTAAL: 150**



Hosted by www.ecexams.co.za.

# HTML-MERKERSBLAD (‘HTML TAG SHEET’)

| Basiese Merkers (Basic Tags) | |
|---|---|
| **Merker (Tag)** | **Beskrywing** |
| <body></body> | Definieer die liggaam van die webblad |
| <body bgcolor=“pink”> | Stel die agtergrondkleur van die webblad |
| <body text=“black”> | Stel die kleur van die liggaamteks |
| <head></head> | Bevat inligting oor die dokument |
| <html></html> | Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig ŉ webblad |
| <title></title> | Definieer ŉ titel vir die dokument |
| <!-- --> | **Kommentaar** |

| Teksmerkers (Text Tags) | |
|---|---|
| **Merker (Tag)** | **Beskrywing** |
| <hl></hl> | Skep die grootste opskrif |
| <h6></h6> | Skep die kleinste opskrif |
| <b></b> | Skep teks in vetdruk |
| <i></i> | Skep teks in skuinsdruk |
| <font size=“3”></font> | Stel fontgrootte van “1” tot “7” |
| <font color=“green”></font> | Stel fontkleur |
| <font face=“Times New Roman”></font> | Stel fonttipe |

| Skakelmerkers (Link Tags) | |
|---|---|
| **Merker (Tag)** | **Beskrywing** |
| <a href=“URL”></a> | Skep ŉ hiperskakel |
| <a href=“URL”><img src=“URL”></a> | Skep ŉ prentskakel |
| <a name=“NAME”></a> | Skep ŉ teikenarea |
| <a href=“#NAME”></a> | Skakel na ŉ teikenarea wat elders in die dokument geskep is |

| Formateringsmerkers (Formating Tags) | |
|---|---|
| **Merker (Tag)** | **Beskrywing** |
| <p></p> | Skep ŉ nuwe paragraaf |
| <p align=“left”> | Stel ŉ paragraaf links inlyn (verstek), kan ook “right" of “centre” wees |
| <br/> | Voeg ŉ reëlbreuk (‘line break’) in |
| <ol></ol> | Skep ŉ genommerde lys |
| <ol type=“A”,”a”, “I”,”i”,”1”></ol> | Definieer die tipe nommers wat gebruik is |
| <ul></ul> | Skep ŉ kolpuntlys |
| type=“disc”, “square”,”circle”></ul> | Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word |

| Formateringsmerkers (‘Formatting Tags’) vervolg | |
|---|---|
| **Merker (Tag)** | **Beskrywing** |
| <li></li> | Word voor elke lysitem ingevoeg, en voeg dan ŉ nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is |
| <img src=“name”> | Voeg ŉ prent in |
